Paddatjie, paddatjie

Paddatjie, paddatjie,
Wat maak jy daar?
Kwaak-kwaak, kwaak-kwaak,
Daar op ’n blaar.

Hier kom die eendjies
Uit onder die brug.
Paddatjie skrik so
Hy val op sy rug.

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Oor die rympie

Hierdie is 'n aksierympie oor 'n klein paddatjie wat op 'n blaar sit en kwaak, maar dan vir 'n klomp eendjies skrik wat onder die brug uitkom. Die paddatjie val plat op sy rug. Dit stel dieregeluide bekend, soos "kwaak-kwaak", die geluid wat die padda maak.

About the rhyme

This is an action rhyme about a small frog who is sitting on a leaf and making croaking noises, but who gets a fright when some ducklings come out from under the bridge. The frog then falls flat on its back. The rhyme introduces children to animal sounds in Afrikaans, like *kwaak-kwaak* (the sound a frog makes).

Aktiwiteite

- Vra jou kinders om padda-geluide en eend-geluide te maak. Nooi hulle om 'n prent te teken met 'n eend en 'n padda daarin en om die geluide wat die diere maak langs elkeen neer te skryf. (Moenie bekommer as hulle nie reg spel of net krabbel nie. Jy kan ook aanbied om die geluide vir baie jong kinders te skryf.)
- Gebruik handdoeke of kussings as "blare", en spring dan van blaar tot blaar soos paddas.
- Nooi jou kinders om aan verskillende maniere te dink om jou skrik te maak. Kinders is mal daaroor wanneer hulle grootmense kan skrikmaak!

Activities

- Ask your children to make frog sounds and duck sounds. Invite them to draw a picture with a duck and a frog in it and to write the sounds the animals make next to them. (Don't worry about incorrect spelling or if they use "pretend" writing. You could also offer to write the sounds for very young children.)
- Use towels or cushions as "leaves", then jump from leaf to leaf like frogs.
- Invite your children to think of different ways to give you a fright. Children love it when they are able to give grown-ups a fright!

PRAESA